NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2025

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur — 100 punte

---

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit **twee afdelings**:

   Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)
3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.
4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
5. **Alle** vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.
6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

---

IEB Copyright © 2025

LIVEWORKSHEETS

## AFDELING A

### INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **al vier** die vrae.

2. **Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.** Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.

3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde **van die paragraaf in Vraag 2** en die **opstel in Vraag 4** neer.

4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.

5. **Beplanning** (vir paragrawe en langer skryfstukke):


   5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit skryf.

   5.2 Skryf die opskrif BEPLANNING boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

   Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.

   **Voorbeeld van beplanning:**

**BEPLANNING**
(linkerkantse bladsy)




(Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.)

**SKRYFSTUK**
(regterkantse bladsy)



(bv. 205 woorde)

IEB Copyright © 2025

LIVEWORKSHEETS

## AFDELING A PROSA

## *DONKER WEB* – FANIE VILJOEN

Beantwoord die volgende **vier** vrae oor die roman ***Donker Web***.

### VRAAG 1 GREG OWEN

> Met 'n pet op die kop en gemaklike klere aan, dra ek die volgende oggend die eerste bokse na die kar in die oprit. 'n Nuwe BMW 118i-sportmodel ...

[Viljoen, F. *Donker Web*, Pretoria: LAPA Uitgewers, bl. 17]

1.1 Waarheen is Greg die oggend op pad en wat beplan hy om daar te studeer? (2)

1.2 Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is. Motiveer jou antwoord.

*Greg het self gewerk om vir sy nuwe kar te betaal.* (2)

1.3 Wie ontmoet Greg die volgende dag saam met Lizmari en Kiana toe hy by sy nuwe plek aankom? Gee die persoon se naam en van. (1)

1.4 Hierdie persoon (Vraag 1.3) oortuig (*convinces*) Greg later om die universiteit se sekuriteitskameras te kraak. Wat moes sy weer vir Greg doen om hom te help? (1)

1.5 Greg help haar ook met die voorbereiding vir Vensters. Waarom het Greg besluit om nie aan die konsert deel te neem nie, nog voordat die dronk eerstejaar hom herken het? (1)

> Ek gee myself tyd om die besluit behoorlik te oorweeg terwyl ek aan my swottings aandag gee. Moet ek vir Eckardt ... Xander kontak?

[Viljoen, F. *Donker Web*, Pretoria: LAPA Uitgewers, bl. 71]

1.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer met die korrekte letter (bv. 1.6 E) op jou antwoordblad neer.

*Ná watter insident besluit Greg finaal om Xander te kontak en sy hulp te vra?*

A Nadat die vrou by die gastehuis in Beaufort-Wes hom herken het.
B Nadat Lisa se pa hom herken het.
C Toe mev. Trollip die foon in sy oor neersit.
D Toe hy die aand terugry van Thomas Lawson se partytjie af. (1)

1.7 Nadat Greg Xander in 'n blog gekontak het, stuur Xander vir hom 'n palindroom. Wat probeer Xander met die palindroom sê? (1)



LIVEWORKSHEETS

> Tom, Lawson Kollege se terreinbestuurder. Die ou wat vir Xander gehelp het met sy social-engineering aanval.

[Viljoen, F. *Donker Web*, Pretoria: LAPA Uitgewers, bl. 83]

1.8 Tom word vermoor nadat hy met Greg in die kerk praat. Watter boodskap probeer die moordenaar vir Greg stuur met die manier waarop Tom doodgemaak word? (1)

> "Daar's 'n ou sêding, Greg," het sy gefluister. "Die ou wat wraak wil neem, moet twee grafte grawe."

[Viljoen, F. *Donker Web*, Pretoria: LAPA Uitgewers, bl. 250]

1.9 Baie van die karakters wat ons in die verhaal leer ken het, moes geliefdes aan die dood afstaan.

Voltooi die onderstaande tabel. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord **onder mekaar** op jou antwoordblad.

| **Karakter** | **Wie is dood** | **Hoe is die karakter dood?** | |
|---|---|---|---|
| Greg | 1.9.1 ... | Selfmoord | (1) |
| Xander | 1.9.2 ... | Ontvoer en versmoor | (1) |
| Lisa | Plank | 1.9.3 ... | (1) |
| Mev. Trollip | 1.9.4 ... | Opgehang | (1) |
| – | Alec Pienaar | 1.9.5 ... *(antwoord spesifiek)* | (1) |

**[15]**

IEB Copyright © 2025

LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 2 XANDER GERICKE

Xander druk die deurhandvatsel af. Die metaal is steeds koud. Die deur wat hy oopstoot ruik steeds na politoer, nes daardie vorige keer.

"Alles oukei?" vra sy pa vanuit 'n leerstoel by die kaggel. Oral om hom lê papiere gestrooi. In sy hande, 'n Montblanc-pen en 'n boek. Xander se oog gly oor die boekrak, sien dadelik die plek waar die boek uitgetrek is.

[Viljoen, F. *Donker Web*, Pretoria: LAPA Uitgewers, bl. 7]

2.1 Skryf 'n **paragraaf van tussen 80–120 woorde** oor die waarheid agter regter Gericke se tragiese dood.

In die paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Wie het die mans na regter Gericke se huis gestuur wat hom die aand ontvoer het? (1)
- Waarom het die mans regter Gericke ontvoer? (1)
- Dink jy regter Gericke het die regte ding gedoen, of nie? Motiveer jou antwoord. (1)
- Regter Gericke was bang dat iets met hom en sy gesin sou gebeur. Wat het hy vir Xander gevra om te gaan doen? (1)
- Hoe het Xander presies uitgevind wat met sy pa gebeur het? (1)
- Kon Xander ooit sy pa se liggaam begrawe? Motiveer jou antwoord. (1)
- Waarom het Greg besef dat sy pa die waarheid gepraat het, toe hy gesê het dat hy nie geweet het wat hulle aan die regter gedoen het nie? (1)


LIVEWORKSHEETS

> Kan dit wees? Xander gebruik mense om ander mense by te kom. My hart begin sommer vinniger jaag. Die idee wil my nie los nie. Ek probeer dit uitredeneer. Hoe pas die legkaartstukke inmekaar?
> Wat het jy gemis, Greg?
> Dink!

[Viljoen, F. *Donker Web*, Pretoria: LAPA Uitgewers, bl. 251]

2.2 By watter plek of konferensie het Xander vir Ayla ontmoet? (1)

2.3 Waarom het Greg in Venesië gedink dat Ayla Xander se volgende slagoffer van sosiale manipulering gaan wees? Noem twee redes. (2)

2.4 Nadat Greg vir Ayla op die Realto brug teen Xander waarsku, soen hy haar. Dink jy Greg was verlief op Ayla? Verduidelik. (1)

2.5 Toe Greg vir Ayla soen, dink Xander dis oor wat in Jeffreysbaai gebeur het.

Wat het in Jeffreysbaai gebeur wat Greg agterdogtig (*suspicious*) oor Nicole en Xander se verhouding gemaak het? (1)

2.6 2.6.1 Wat het Xander die aand in Chris Owen se studeerkamer in Jeffreysbaai gedoen? (1)

2.6.2 Waarom, dink jy, het hy dit in die studeerkamer gedoen? (1)

2.7 Noem enige ander rede waarom Greg nie vir Xander vertrou het nie. (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2025

LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 3

Voltooi die volgende dialoog tussen Rina Owen en Dirk Schutte. Skryf **slegs** die vraagnommer en Dirk of Rina se woorde, soos aangedui, **onder mekaar** in jou antwoordboek neer. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

> "Ek het talle aanbiedinge ontvang, maar die tyd was nie reg nie. Ek moes wag vir die regte uitdaging ... 'n Geesgenoot. Sy het my aan twee dromers voorgestel: Dok Alec Pienaar en Chris Owen. Entrepreneurs, effens jonger as ek. Hulle eerste maatskappy was besig om te vou. Sprake van binnehandel. Hofsake."

[Viljoen, F. *Donker Web*, Pretoria: LAPA Uitgewers, bl. 292]

3.1 Dirk: Het jy Dr. Rian Trollip en sy vrou geken?

Rina: Ja, hulle ... (1)

3.2 Dirk: Hoekom is Rian tronk toe gestuur?

Rina: ... (1)

3.3 Dirk: Wat het sy vrou gedoen toe dit gebeur het?

Rina: ... (1)

3.4 Dirk: Dis baie sleg. Ek hoor hy is toe dood. Het hy homself doodgemaak? (Motiveer)

Rina: .... (1)

3.5 (*Sy dink 'n bietjie ... dan vra sy ...)*

Rina: Greg het gesê dat jy vir Sebastian Stadler op die foto herken het. Hoe ken jy hom?

Dirk: ... (1)

3.6 Rina: Waarom het Greg gedink dat André Symington dalk die Baker kon wees?

Dirk: ... (1)

3.7 Rina: Hoe het julle die foto van die Baker in die hande gekry?

Dirk: Greg het ... (1)

3.8 Rina: Het die Baker, buiten vir Dok Pienaar en Chris, alleen gewerk?

Dirk: Nee, ... (persoon se naam) was sy geesgenoot. (1)

IEB Copyright © 2025

LIVEWORKSHEETS

3.9 Rina: Greg sê dat hy jou vertel het dat hy die Baker gaan soek. Wat het jy vir Greg gevra?

Dirk: ... (1)

3.10 Rina: Ek is nou nog geskok oor alles wat gebeur het. Hoe het jy geweet waar om Greg-hulle te gaan soek?

Dirk: ... (1)

3.11 Rina: Waarom het Greg-hulle vir jou weggehardloop toe hulle jou die eerste keer oorsee gesien het?

Dirk: Hulle het gedink dat ... (1)

3.12 Rina: Waarom was Plank nie in Florence by hulle nie?

Dirk: ... (1)

3.13 Rina: Waarom het julle Venesië toe gegaan?

Dirk: ... (1)

3.14 Rina: Hoe het julle dit reggekry om die Baker in Venesië op te spoor?

Dirk: ... (1)

3.15 Rina: Wat het aan die einde van die verhaal met die Baker in Venesië gebeur wat daartoe gelei het dat hy wel betaal het vir die regter se dood?

Dirk: ... (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2025

LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 4 GREG SE SOEKE REG OOR DIE WÊRELD HEEN

"Ek wil vir Pa help," sê ek ná 'n ruk.
"Ja?"
"Die polisie kon nog nie die Baker opspoor nie. Hy moet ook hier kom sit. Dis nie fair dat hy buite los loop nie."

[Viljoen, F. *Donker Web*, Pretoria: LAPA Uitgewers, bl. 63]

Greg se soektog na die Baker het begin toe hy die Baker wou opspoor om ook in die tronk te betaal vir sy aandeel in Project Nursery Rhyme. Vir Xander was dit 'n veel persoonliker soektog om wraak te neem vir sy pa se dood (*to take revenge*).

Skryf 'n opstel van tussen **250–400 woorde** oor Greg en Xander se soeke na die waarheid en boetedoening.

**Onthou:**

- Jou opstel moet 'n inleiding en slotparagraaf hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Onthou asseblief om jou beplanning aan die agterkant van die bladsy te doen (sien instruksies) en dood te trek.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.

---

**A Inleiding**

---

**B Suid-Afrika**

- Chris Owen was bitter omdat Greg se ondersoek hom in die tronk laat beland het. Waaraan is Chris skuldig bevind? (1)
- Wat het Chris vir Greg gesê nadat hy vir sy pa vertel het dat hy die Baker soek en wil weet wie Valkyrie is? (1)
- Wie se stem is hoorbaar in die video wat op Xander se bediener (*server*) gelaai is? (1)
- Xander vertrou nie vir Greg nie. Wat moes Greg doen om vir Xander te wys dat hy hom (Greg) kan vertrou? (1)
- Wat het Greg gedink wou Xander hê hy moes doen toe hy vir hom die palindroom gestuur het? (1)


LIVEWORKSHEETS

**C Turkye**

- Greg het na koerantartikels en foto's gekyk toe hy na die Baker begin soek het. Op watter ander manier help Greg vir Xander en Ayla om na die Baker te soek? (1)
- Waarom het Greg nie vir Xander van die gebrande boek vertel nie? (1)
- Noem enige inligting wat Xander en Ayla uit die boek kry wat hulle help om die Baker op te spoor. (1)
- Hulle kan nie reguit vir 'n middel soos Novichok op die Donker Web soek nie. Waarvoor "vra" hulle dan wat die Baker se aandag sal trek? (1)
- Niemand wil hulle aan die begin help nie. Waarheen of na wie word hulle deur die ander gebruikers op die Donker Web verwys? (1)
- Hoe weet Xander en Greg dat die Baker weet dat dit hulle was wat die boodskap/versoek op die Donker Web gelaai het? (1)
- Hoe kry Xander dit reg om toegang tot die Baker se rekenaar te verkry? (1)
- Waarom kon Greg nie direk van Turkye na Rome met sy Suid-Afrikaanse paspoort vlieg nie? (1)
- Noem enige rede waarom dit vir hulle nodig was om Turkye te verlaat. (1)

**D Italië**

- Wat het Greg in Florence gedoen wat daartoe gelei het dat die Baker na Venesië vertrek? (1)
- Watter boodskap/lewensles het die Baker vir Greg by die Dawid-beeld geleer? (1)
- Waar het Greg en Xander die Baker vir die laaste keer ontmoet? (1)
- Wat het gebeur dat Greg amper by hierdie ontmoeting gesterf het? (1)
- Dink jy dat Xander se **optrede** teenoor die Baker aan die einde **regverdig** was? Motiveer jou antwoord. (1)
- Wie slaag daarin om weg te kom en nie te betaal vir wat hy/sy gedoen het nie? (1)

**E Slot**

**Assessering:** Vyf (5) punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen. (5)

**[25]**

**70 punte**

IEB Copyright © 2025

LIVEWORKSHEETS

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **albei** vrae in hierdie afdeling.

2. Begin elke vraag op 'n **nuwe bladsy**. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van elke vraag neer.

4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

   - Kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
   - Interpretasie van die opdrag
   - Inhoud en idees
   - Register en toon
   - Taalgebruik


5. **Beplanning van skryfstukke**

   Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te **beplan** voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

   5.1 Skryf die opskrif BEPLANNING boaan.

   5.2 Trek 'n **streep deur jou beplanning** sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

   **Voorbeeld van beplanning:**

| **BEPLANNING**<br>(linkerkantse bladsy) | **SKRYFSTUK**<br>(regterkantse bladsy) |
|---|---|
|  |  |
| (Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.) | (bv. 205 woorde) |

IEB Copyright © 2025

LIVEWORKSHEETS

**VRAAG 5 MOTIVERINGSPRAATJIE**

**Situasie:**

Aan die einde van jou skoolloopbaan het die hoof jou gevra om tydens die laaste saalopening (*assembly*) met die skool te gesels oor handige voorstelle oor hoe om 'n sukses van jou eksamen te maak. Motiveer die leerlinge sodat hulle die jaar suksesvol kan afsluit.

**Opdrag:**

Skryf 'n motiveringspraatjie van tussen **150–220 woorde** waarin:

- jy die leerlinge raad gee oor hoe om beter te leer en te presteer;
- jy die leerlinge aanmoedig deur middel van wenke oor tydsbeplanning / eetgewoontes / slaap-patrone en/of studiemetodes *(enige twee)*; en
- jy die leerlinge herinner om die onderwysers vrae te vra; en
- jy die onderwysers bedank vir hulle leiding.

Onthou dat hierdie 'n transaksionele skryfstuk is waarin jy meer moet uitbrei as om bloot die vrae aan te spreek. Indien jy nie by die woordtelling hou nie (te kort of te lank skryf) sal jy gepenaliseer word. Die skryfstuk sal aan die hand van D8 Rubriek van die IEB nagesien word.

**[20]**



IEB Copyright © 2025

LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 6 E-POS

**Situasie:**

2025 het vinnig verbygevlieg. Gelukkig het jy mense gehad wat in jou geglo het. Nou wil jy dankie sê vir die mense wat altyd aan jou kant was.

**Opdrag:**

Skryf vir jou ouers/iemand spesiaal 'n e-pos waarin jy hulle bedank deur:
- te noem wat hulle vir jou gedoen het; en
- te vertel wat dit vir jou beteken het.

**Instruksies:**

- Jy kan jou paragrawe volgens die bostaande punte indeel.
- Die e-pos moet 'n **inleidings- en 'n slotparagraaf** hê.
- Die inhoud moet **tussen 60–100 woorde** lank wees.
- **Die totale aantal woorde moet aangedui wees.**
- Die korrekte formaat moet gevolg word.

Onthou dat hierdie 'n transaksionele skryfstuk is waarin jy meer moet uitbrei as bloot die vrae aan te spreek. Indien jy nie by die woordtelling hou nie (te kort of te lank skryf) sal jy gepenaliseer word. Die skryfstuk sal aan die hand van D8 Rubriek van die IEB nagesien word.

Aan: ____________________________________________

Onderwerp: ______________________________________

==========================================================

Liewe Nina

Liefde/Groete
(*Jou naam*)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2025

LIVEWORKSHEETS